# KLIPKERK LICHTENBURG

## *Wêreldfokus Nuusbrief*

**Mei 2024**

***Tentdiens in Boikhutso***

***'n Jaar van Geleenthede***



# Jerusalem

## Ds Johan van Zyl




*Wat 'n wonderlike geleentheid om saam met die Broers en Suster die Evangelie in "Jerusalem" te verkondig. Dankie Lukas vir die voorreg.*

Spesiale tentdienste word gereeld in Boikhutso gehou.



# Lichthuis

Lichthuis is een van die vele plekke waar Klipkerk in "Jerusalem" betrokke is. Buiten die Beskuit beurt wat Klipkerk met ander gemeentes deel, word Lichthuis bedien met die Evangelie. Eredienste vanuit Klipkerk word na Lichthuis uitgesaai en die inwoners besoek.

Lukas speel 'n belangrike rol met sy bediening in Lichthuis waar hy die inwoners gereeld besoek, gesprekke voer en vir hulle bid.











# *Makhua Bybelbediening*

## Dr Gerard en Vanessa Olivier

**Mei besoek**

Op 24 Mei vertrek ek na Muapula vir die eerste deel van die tweede groep wat kom vir Bybelopleiding van oor die hele Niassa provinsie. Dis so unieke geleentheid!! Ek kan julle nie ernstig genoeg vra om volhardend in te tree hiervoor nie. Hierdie Bybelopleiding/toerusting kan ver en wyd in Noord Mosambiek weerklink! Ons vertrou die Here vir 'n diep, permanente werk in elke een wat kom se lewe sodat dit sal weerklink in die ewigheid!

**Studente info**

Daar is sover nog nie een van die twintig wat kom wat onttrek het nie. Trouens daar is nou een wat bygekom het. Daar is ses of sewe denominasies betrokke van sewe verskillende areas in Niassa Provinsie. Dit op sigself is 'n wonderwerk in Niassa. Daarom moet ons geweldig baie bid vir beskerming teen te slinkse en listige planne wat die bose vir seker sal probeer om dinge te ruïneer of skade aan te rig. God het wonderlike dinge in die lewens van die eerste groep gedoen en ons vertrou Hom vir 'n diep goddelike werk in die harte en lewens van hierdie tweede groep ook. Benewens hulle het ek ook drie mense van die eerste opleidingskursus genooi om vanjaar se opleiding ook by te woon. My doel is om uiteindelik hierdie drie saam met een of twee ander op te lei om opleiers van hierdie "Bybelkursus" te word.

**Bybel in klank**

Ons gaan DV in Junie vir Domingos en Bernardo weer afstuur vir die tweede sarsie opnames van die Ou Testament in Klank. Hierdie is 'n uiters strategiese deel van die bediening onder die Makhua Shirima volk. Ons mik om, as ons die hele Bybel in klank opgeneem het (Die Nuwe Testament is reeds opgeneem), die klank ook te koppel aan die bestaande Makhua Bybel wat op Youversion op slimfone beskikbaar is. Dit sal heelwat moontlikhede oopmaak ook vir mense wat ongeletterd is om die Woord in hulle moedertaal te hoor

**Klank apparate**

Ek is nou die dag deur MegaVoice genader wat wou weet of hulle ons Makhua Nuwe Testament, wat klaar op klank opgeneem is in Xai-Xai, op hulle Envoy 2 S Series apparaatjie kan sit. Ek het toe vyf van hulle gekry wat ek wil saamvat om solank dit te gaan versprei en kyk na die effek daarvan. Dit is baie dun en omtrent so 70% van 'n selfoon se grootte. Dis baie handig en nuttig en ek dink dit kan geweldig effektief gebruik word – veral ook onder die ongeletterdes in Niassa.



*Gerard en die span vertalers*

## *Makhua Bybelbediening - vervolg*

**BID ASSEBLIEF**

- Bid dat die Here self die studente sal bring en weghou soos Hy goed dink;
- Dat die Here die wat wel gaan kom se harte nou al reeds sal voorberei;
- Vir eenheid en wonderlike geestelike “bonding” onder die studente – dit is strategies geweldig effektief as hulle goed “bond”;
- Vir die voorbereiding aan my kant van die kursus – op die oomblik is ek besig om dit in Portugees op te stel en uiteindelik sal ons dit in Makhua vertaal en boekies uitgee vir almal wat opleiding doen en gedoen het. Dis egter ’n lang proses...;
- Ek moet meer as 3 000 bladsye se buitelyne opvat saam met my vir die studente – hiervan sal in my groot tas moet gaan. Bid asb. dat dit veilig in Lichinga sal aankom;
- Dat die klank apparate wat ons met die Makhua Nuwe Testament solank wil versprei by die regte persone sal uitkom en dat die Here dit sal gebruik;
- Vir Frits en Nickey-hulle wat geweldig baie grondwerk doen vir so ’n opleidingsgeleentheid;
- Vir die kerkie in Muapula se beskerming en geestelike groei – veral ook mense soos Domingos, Alfonso, Bernardo, Raimundo, Sinolencio en ander wat opstaan vir die Here daar;

Christusliefde
Gerard en Vanessa

## ’n Saaier het uigegaan om te saai ...

***Loof die Here vir elke Bybeltjie wat die Gideons in skole uitdeel en ook in ouetehuise, hospitale, en gevangenisse.***
***Bid die Here se seën op die Saad wat gesaai word, dat dit in vrugbare grond sal val.***
***Bid ook die Here se seën op die bediening en elke Gideon.***











## *Ds ‘Dries en Marlee Volschenk*

Oor die laaste paar maande het ons dit geniet om deel te word van 'n kerkfamilie. En dit was heerlik om in die Paasvakansie 'n 5-dag klub by ons gemeente te kon aanbied. Dit was die eerste van sy soort wat ons in Afrikaans kon aanbied in die afgelope 23 jaar.

Opleiding en preke is 'n groot deel van ons betrokkenheid by kerke. 'Dries kry baie die geleentheid om te preek en te deel oor CEF en wat die Here besig is om te doen. Ons het ook pas 'n program begin saam met ouers van kleuters en laerskool maats, met 'n Super Seminaar wat ouers spesifiek leer hoe om hul eie kinders (en die kinders se maatjies) na Jesus te lei en te help om geestelik te groei.

Marlee het die geleentheid gehad om die Junior Fase se onderwyseresse by ES le Grange, 'n spesiale skool, op te lei. Wat 'n vreugde om te hoor hoe hierdie kindertjies 'n begeerte het om Jesus te ken en hoe die onderwysers nou toegerus is om hulle te bereik op 'n daaglikse basis.

Die versorging van die CEF werkers is 'n groot verantwoordelikheid en voorreg vir 'Dries. Hy reis gereeld na verskillende provinsies en is onlangs diep geraak en bemoedig deur die werk van beide voltydse en vrywillige CEF werkers in Kwa Zulu Natal, die Oos Kaap en Wes Kaap.

Baie dankie vir jul getroue gebede vir ons gesin en vir ons bediening.

‘Dries en Marlee

## *Waarom Uitreike?*

**Aretha Prinsloo**

’n Gemeente in Turkye wat voor die aardbewings in 2023 omtrent 60 persone sterk was, getuig nou…..

*Our meetings this week, at least a thousand people came to church this week. Families, men, women, teens and children.*

*Praise the Lord Jesus Christ for his provision.*



Die Turkse Vennootskap van Suid-Afrika beplan ’n uitreik na die suid ooste van Turkye, die gebied waar die aardbewing verlede jaar groot verwoesting gesaai het.

Indien daar oortuiging van die Heilige Gees is om iewers tussen 27 Julie en 18 Aug ’n korttermyn uitreik daarheen mee te maak, kontak my [071 375 1578] asb. Uitreik Bediening sluit in gebed, besoeke, fellowship, ondersteuning, aansporing, lering, fisiese werk, ens.

### *Waarom gaan ons op uitreike?*

*- in Jerusalem, Judea, Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld...*

In Mike se paar kort video’s na ’n besoek aan Libanon en Egipte kom hierdie vraag na vore, met die antwoord.

“The Intent of ONE ANOTHERNESS”

https://thethirdway.org/episode-1-the-intent-of-anotherness/

# *Ethnos Missions Opleiding!*




## Coen en Suria Scholtz

***Ethnos Missions Training!***

Hunker jy daarna om jou unieke gawes te onderskei en jou goddelike roeping uit te leef? Wil jy ontdek hoe om jou geloof te versterk en meer oor sending te leer? Al ooit gewonder hoe om uiteindelik 'n dissipel-makende dissipel van Jesus te word? Sluit dan aan by die *Ethnos Missions Training* (EMT), 'n transformerende, geestelik verrykende en praktiese program van 10 weke wat in George, Suid-Afrika, plaasvind. Moenie hierdie geleentheid misloop nie! Die volgende EMT vind plaas vanaf 19 Julie tot 29 September. Gereed om die volgende stap te neem en aan te meld?
Kontak: info@ethnosmi.org

***Door of Hope***

By *Door of Hope* is ons doelwit om hoop te bring deur holistiese gesondheidsorg!
Ons sorgsentrum is toegewy om vrouens, kinders en dowe gesinne te dien in die voorsiening van noodsaaklike dienste soos mediese sorg, voedingshulp, gesondheidsinligting en berading.




Ons is dankbaar vir die geleentheid om die gemeenskap te dien!

***NextGen***




Het jy 'n passie om die lewe van die volgende generasie te help vorm? Die *NextGen Internship* is jou kans om 'n verskil te maak!
Gefokus op dissipelskap, persoon-like ontwikkeling en blootstelling aan kinderbediening, rus hierdie intern-skap deelnemers toe om met minderbevoorregte kinders uit kwesbare gemeenskappe te werk en dissipels te maak..
Deur hulpmiddels soos sport, dans, musiek, onderrig en kwaliteittyd te gebruik, is ons toegewyd om hierdie jong harte te bereik en te bemagtig.
Epos info@ethnosmi.org vir meer inligting.

***Connect***

Bekendstelling van *Connect* - 'n lewendige bediening wat aangepas is vir jong volwassenes tussen die ouderdomme van 18-30 in George, Wes-Kaap.
Ons doel is om betekenisvolle verbintenisse tussen jong volwas-senes te bevorder, geestelike ver-houdings met God te verdiep en in-dividue te bemagtig om hul unieke doel te omhels. Sluit by ons aan by ons tweeweeklikse geleenthede vir 'n verrykende ervaring en die kans om blywende verbindings te smee. Kom wees deel van iets besonders!



## ***Petrus Mere en Lukas Lebalelo***

*Dikhukhung Crusade,*
*Botswana Uitreike,*
*Lichtenburg dorp en*
*Taxi bediening,*
*Boikhutso en Blydeville,*
*Plaasbediening,*
*Jeugdienste,*
*Tentdienste.*












